

Die Kerkorde as emporium en anti-emporium

Christina Landman

Navorsingsinstituut vir Teologie en Religie
Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, Suid-Afrika

Abstrak

In huidige akademiese gesprekke word met “emporium” (“empire”) verwys na die eenvormigheid wat deur groot rolspelers globaal op alle fasette van menswees afgedruk word volgens waardes wat deur hulle neergelê word. Die imperialistiese waardes van die emporium skryf voor hoe die geskiedenis geïnterpreteer moet word, hoe tekste gelees moet word, en wat die magsverhoudings in die toekoms sal wees tussen mense van verskillende klasse, rasse en genders. Die emporium skryf waardes aan mense toe volgens hulle posisie in die hiërargie wat deur die emporium bepaal word.

In hierdie artikel word gekyk na die Stipulasies tot die Kerkorde van die Noordelike Sinode van die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA). Die vraag word gevra of die plek wat hierin aan die Moderamen gegee word, die beginsels van die (Nederlands-) Gereformeerde kerkreg weerspieël en of dit nie ‘n emporium skep wat eenvormige mag oor “minderes” uitoefen nie. Die ontstaansgeskiedenis van die Stipulasies tot die Kerkorde van die Noordelike Sinode van die VGKSA (2011) vis-a-vis die rol van die Moderamen word beskryf, en tersaaklike gevallestudies binne die VGKSA word bespreek.

Uiteindelik word gevra hoe ‘n Kerkorde en sy Stipulasies sal lyk wat op anti-emporiese beginsels en praktyke berus. Die beginsels wat die Belydenis van Belhar onderlê, en die praktyk van kerklike visitasies soos beoefen in die Protestantse Kerk in Nederland word as voorbeelde van anti-emporium beskryf.

Abstract

The Church Order as empire and anti-empire

In recent academic discussions, “empire” refers to the hegemony with which major role players take control over all

aspects of humanity and impress their values on all. The imperialistic values of empire dictates how history is to interpreted, how texts must be read, and what the relationships between people of different classes, races and genders will be like in future. The empire awards value to people according to their position in the hierarchy of power created by the empire.

In this article the Stipulations to the Church Order of the Northern Synod of the Uniting Reformed Church in Southern Africa (URCSA) will be scrutinised. The question will be asked whether the place attributed to the Moderamen in these Stipulations is according to the principles of (Dutch) Reformed church polity, or whether an empire is created which rules over the less mighty. The history of the said Stipulations (2011) is described, and relevant case studies within URCSA are discussed.

Finally, a vision is formulated as to the contents of a church order and its Stipulations that are based on the principles and practices of anti-empire. The principles of the Confession of Belhar, and the practise of church visitations of the Protestant Church in the Netherlands are described as examples of anti-empire.

Inleiding

Definisie en doel

Emporium (“empire”) as ‘n hermeneutiese invalshoek lees en interpreteer tekste, die geskiedenis en die toekoms in terme van die rol wat “ryksdenke” daarin speel. Die afgelope vyf jaar is verskeie werke gepubliseer waarin ‘n spektrum van vroeëre tot latere Christelike werke gelees en geïnterpreteer is vanuit die perspektief van emporium (Schüssler Fiorenza 2007; Horsley 2008; Crossan 2007; Rieger 2007). Om te lees vanuit “ryksdenke” beteken om met ‘n ideologiese bewussyn te lees wat aansprake op historiese objektiwiteit ondermyn (Brueggemann 2009:48). Dit beteken om te lees met ‘n bewussyn dat interpretasies van die verlede kolonialisties sou kon wees, en dat die leser nou hom- of haarself buite hierdie lees in ‘n post-koloniale lees sentreer. Dit beteken voorts dat die leser bewus sal bly van die rol van die kerk binne die emporium as ‘n ruimte waarin òf met ryksdenke saamgespeel word, òf weerstand gebied word teen ryksdenke.

Die doel van hierdie artikel, dan, is om ‘n spesifieke teks te lees, die Stipulasies tot die Kerkorde (2011) van die Noordelike Sinode van die Verenigende Gereformeerde Kerk, met die bewussyn dat emporium ‘n rol

kan speel in die totstandkoming en gebruik van hierdie Stipulasies. Daar sal gefokus word op die rol wat in die Stipulasies aan die Moderamen toegeken word in die hantering van geskille tussen Kerkrade en Ringe. Die geskiedenis van die formulering en aanvaarding van die Stipulasies sal kortliks geskets word, en gevallestudies aangebied word waarin die Stipulasies gebruik is om geskille te betrek. Die beginsels van die Gereformeerde Kerkreg waarop hierdie Stipulasies berus, sal uiteindelik getoets word, en uitgebrei word met anti-emporiese beginsels wat die Belydenis van Belhar onderlê, asook die huidige kerklike visitasie-praktyke van die Protestantse Kerk in Nederland.

Die Kerkorde as emporium en die beginsels van die Gereformeerde Kerkreg

“Pas op voor de kerkjurist die uitsluitend schermt met juridische argumenten. Voor je het weet word je klem gezet. Dan wint ‘het recht’ en verliest de mens. En de gemeente.” So begin die Nederlandse kerkregkenner Leo Koffeman sy boek *Het goed recht van de kerk* (2009:9), en waarsku daarmee teen ‘n emporiese gebruik van die kerkorde.

Kerkordes verklaar meestal hulle toewyding aan die beginsels van die Gereformeerde kerkreg in ‘n inleiding. Hier word na twee sulke “toewydings” gekyk en gefokus op Kerkordes van kerke wat hulle oorsprong uit die Gereformeerde tradisie in Nederland het omdat die Kerkorde en Stipulasies van die Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika (insluitende dié van die Noordelike Sinode) ook hierop gebaseer is. Die “Reformed Dutch Church” that was founded on the American continent in the 1620s, het in 1867 “The Reformed Church in America” (RCA) geword en is ‘n direkte uitvloeisel van die Nederlandse Gereformeerde Kerk van 1566. In die “Preamble” tot die RCA se “Book of Church Order” (2003:2-5) verbind hierdie kerkorde hom tot sekere basiese Gereformeerde beginsels. Twee hiervan staan uit. Die eerste is dat Jesus Christus die enigste hoof van die kerk is, en dat sy hoofskap berus op geregtigheid, liefde en teerheid teenoor sy mense. Tweedens is die kerk se gesag ‘n gesag wat van Christus af na hom gedelegeer is om te dien, die Woord te verkondig, en die kerk te regeer en te administreer vanuit die vergaderings van die kerk:

The Spiritual authority given to office-holders is exercised in the assemblies of the church ... No office functions apart from the other offices ... Reformed governance understands that the greater assemblies care for the ministry that extends beyond the purview of the lesser assemblies without infringing upon the responsibilities of the lesser (RCA 2003:2-3).

Ook in die Voorwoord tot “Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk” (in Suid-Afrika) word die kerkorde sy emporiese status ontnem deur die volgende Gereformeerde beginsels voor te hou:

Die Reformasie het die kerk weer terug geneem na die Christus-regering van die kerk ... Nooit mag die inhoud van hierdie boek op ‘n liefdelose en eiesinnige manier gebruik word nie. Die *Kerkorde* is nie ‘n stok waarmee ons na ander kan slaan nie; dit is ‘n staf wat die Here vir die NG Kerk gee om mee te regeer” (NGK 2007: Voorwoord).

Die Inleiding tot die “Kerkorde van die Algemene Sinode van die Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika” (2012:3-4) is òf onversigtig geformuleer, òf die implikasies van wat gesê word, is nie goed oorweeg in terme van hoe dit die kerkorde as emporium vestig nie. Onder ‘n opskrif “Wat is die kerkorde en waarom het ons dit nodig?” word die antwoord gegee dat die kerkorde ‘n respons is op die vermaning van 1 Korintiërs 14:40 om alles gepas en ordelik te doen, en dat dit ‘n orde moet wees waarmee die eenheid van die kerk geïllustreer word. Hierdie definisie van kerkorde as ‘n ordening wat die kerk eksklusief één maak met uitsluiting van ander gee aan die kerkorde die emporiese status van kontrole, kolonialisasie en hegemonisering.

Die vraag is nou of die *Kerkorde en Stipulasies* (2011) van die Noordelike Sinode van die VGKSA – wat geen inleidende verduideliking van die aard van ‘n kerkorde bevat nie – empories in inhoud is, spesifiek in die rol wat aan die Moderamen daarin toegeken word en die rol wat die Moderamen speel in die hantering van geskille. En bostaande ambivalensies in die verstaan van wat ‘n kerkorde is – dat dit sowel Christus as die vergaderings van die kerk as regeerders aanwys, en dat dit eenheid bewerkstellig maar ‘n eenheid wat uitsluit – regverdig ‘n ideologiese lees van die *Stipulasies* tot die kerkorde met ‘n bewussyn van die rol wat emporium daarin kan speel.

Die stipulasies tot die Kerkorde van die Noordelike Sinode van die Verenigde Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika (2011)

Geskiedenis

Die *Stipulasies* tot die Kerkode van die Noordelike Sinode van die VGKSA is op 23 Junie 2011 deur die Moderamen geteken en geld vanaf hierdie datum as bindend vir hierdie sinode. Die aanvaarding van die *Stipulasies* het geskied in ‘n relatief kort periode vandat die Vyfde Sitting van die Noordelike Sinode in Oktober 2010 te Mokopane (voorheen Potgietersrus) naby Polokwane (voorheen Pietersburg) aan die “Support Ministry for Judicial Matters

(SMJM, oftewel die “Regskommissie”)” opdrag gegee het om die Stipulasies van 2003 te amendeer (*Minutes* 7.1.1, Decision 17.1). ‘n Geamendeerde weergawe van die 2003-Stipulasies is aan die Sinode van 2010 voorgelê vir aanvaarding, maar is deur die Sinode na die SMJM (“Regskommissie”) verwys. Die groot twispunt op die Sinode was, onder andere, die rol wat aan die Moderamen in die oplos van geskille toegeken word.

Op hulle konstituerende vergadering op 15 Januarie 2011 het die SMJM (“Regskommissie”) aan Prof C Landman, die Actuaris van die Noordelike Sinode en Scriba van die SMJM (“Regskommissie”), opdrag gegee om met Ds Colin Goeiman, die vise-voorsitter van die SMJM (“Regskommissie”), voorstelle vir die amending van die Stipulasies tot die Kerkorde voor te berei. Landman is as Actuaris verkies op die eerste sinodesitting wat sy bygewoon het, en haar onervarendeheid het waarskynlik daartoe gelei dat kontroversiële Stipulasies geamendeer en deurgevoer is. In die drie maande tussen die eerste volwaardige vergadering van die SMJM (“Regskommissie”) op 3 Maart 2011 en die uiteindelijke aanvaarding van die geamendeerde Stipulasies op ‘n Buitengewone Sinodesitting op 17 Junie 2011 is die Stipulasies volledig hersien. Die teks van die 2003-Stipulasies is gebruik en aangevul met tersaaklike besluite van die Sittings van die Noordelike Sinode van 2003 en 2006. Die Besluite van die Sinode van 2003 is nie opgeteken nie weens die beroerte van die Scriba, Ds Alet Pretorius. Landman het derhalwe met Pretorius die besluite wat op die Stipulasies betrekking het, in retrospek opgeteken (op 22 Januarie, 16 en 26 Februarie 2011) en as amendasies aangebied. Die teks van die 2003-Stipulasies, aangevul met die sinodale besluite van 2003 en 2006, is vervolgens vervang of uitgebrei met Stipulasies van die Kerkorde van die Algemene Sinode waar daar oorvleueling is, terwyl Stipulasies wat die spesifieke behoeftes van die Noordelike Sinode aanspreek, behou is. Kopieë van die Stipulasies met voorgestelde amendasies is uitgestuur na Ringsvertegenwoordigers vir kommentaar voor 31 Maart 2011, maar geen kommentaar is ontvang nie. Die Stipulasies en hulle amendasies is vervolgens by ‘n werkswinkel van die Uitvoerende Komitee van die SMJM (“Regskommissie”, 5-7 April 2011) bespreek, soos ook by ‘n spesiale sitting van die SMJM (“Regskommissie”) op 13 April 2011, ‘n spesiale sitting van die Sinodale Kommissie op 3 Mei 2011, en uiteindelik die Buitengewone Sinode van 17 Junie 2011 waar die geamendeerde Stipulasies tot die Kerkorde van die Noordelike Sinode met 164 stemme teenoor 4 aanvaar is.

‘n Emporiese lees en vertel van hierdie geskiedenis dui voorhande daarop dat die proses wat gevolg is, toegang aan alle belanghebbendes gebied het om inspraak in die Stipulasies te hê. Die beweging van Streeksinode na SMJM (“Regskommissie”) na Sinodale Kommissie na Streeksinode is Gereformeerd en ondersteun die prosesse wat deur die Kerkorde en sy Stipulasies self vereis word.

Die vraag is nou hoe empories, aldan nie, hierdie proses verloop het? Die vraag word nou behandel met verwysing na die rol van die Moderamen in geskille. Eers word die verwysing “Moderamen” hanteer, aangesien dit in kerkordes verskillend gebruik word, en dan word die verdere vraag gevra: Hoe (anti-)empories is die Stipulasies wat op die rol van die Moderamen in die oplossing van geskille in hierdie proses hanteer?

“Moderamen”

Die benoeming “Moderamen” word in die VGKSA se Kerkorde, soos ook in die Stipulasies van die Noordelike Sinode, gebruik om na die bestuur van die verskillende sinodes te verwys. Stipulasie 50.1.1 (Noordelike Sinode 2011) lees “The Moderamen of the Regional Synod consists of a Moderator, Assessor, Actuarius and Scribe,” en dit geld sowel vir elk van die Streeksinodes asook die Algemene Sinode.

Die NGK, eger, noem hierdie bestuur wat uit ‘n Moderator, Assessor en Actuarius bestaan, die *Moderatuur* van ‘n Streeks- of Algemene Sinode. Vir die NGK is die “Moderamen” ‘n komitee van die Algemene Sinode, en bestaan uit die Moderator, Assessor en Actuarius saam met verkose verteenwoordigers van die streeksinodes en die bedieninge. Dít weer, is wat die VGKSA die “Executive of Synod” sal noem, en wat op Streeksinodale vlak fungeer (Noordelike Sinode 2011 Stipulasie 54.2.1, “Before the Regional Synod adjourns an Executive Committee shall be appointed which consists of the Moderamen and the Chairpersons of the Core and Support Ministries”).

Die Protestantse Kerk in Nederland, weer, verkies hulle Moderamen vanuit die *classis* en sal onder “Moderamen” soos gebruik deur die VGKSA, die “Breë Moderamen” verstaan. Ordinantie 4, Artikel 16 lees

De classicale vergadering kiest jaarlijks op de eerste bijeenkomst ... uit haar midden een moderamen, bestaande uit ten minste een preses, een scriba en een assessor ... In dezelfde bijeenkomst ... wordt op dezelfde wijze ... een aantal andere leden van de classicale vergadering gekozen die met het moderamen het breed moderamen vormen.

Terwyl ander kerke van Nederlandse oorsprong dan onder “Moderamen” ‘n breë vergadering verstaan, word “Moderamen” hier gebruik in die uitsluitlike betekenis van ‘n bestuur wat op (streek)sinodale vlak fungeer en bestaan uit ‘n Moderator, Assessor, Actuarius en Scriba.

'n (Anti-)emporiese lees van die proses

Volgens Stipulasie 50.2.2 van die VGKSA Noordelike Sinode (2011) wat ook 'n stipulasie van die Algemene Sinode is, is die funksie van die Moderamen om op te tree “on behalf of the Regional Synod in all urgent matters that are of general interest to the church, making speedy decisions even before the view of the Synodical Commission can be tested on the matter.” Dit is diskuseerbaar of die Moderamen hier die magte kry om in dispute in te meng omdat dit dalk nie onder “die algemene belang van die kerk” sou inpas nie. Indien dit wel dispute sou insluit, is daar dadelik drie caveats wat die magte van die Moderamen volgens Stipulasie 50.2.2 aan bande lê: Eerstens moet die Moderamen oor sulke optrede aan die Sinodale Kommissie en die Streeksinode rapporteer; tweedens moet die Moderamen se besluit dadelik in die amptelike kerkblad gepubliseer word, en derdens mag die Moderamen nie onregmatig op die gebied van die Sinodale Kommissie oortree nie.

Die Moderamen word wel in beheer geplaas van die Ring en die Ringskommissie, maar in verhouding van “onderhandeling”. Stipulasie 50.2.2.81 lees “The Moderamen acts on behalf of the church by *negotiating* with a Presbytery which is neglecting its supervision over a congregation ...” In hierdie en 'n volgende Stipulasie (34.13.2) wat lees “The minutes of the last session of the Presbytery or Synod shall be *scrutinised* and approved by the Presbytery Commission and Moderamen respectively”, plaas egter wel die Moderamen in 'n emporiese verhouding van hiërargiese mag teenoor die Ring en Sinode.

Daar het egter vis-a-vis die mag van die Moderamen twee dramatiese insigte na vore gekom in die proses van die omvattende amending van die Stipulasies tot die Kerkorde van die Noordelike Sinode wat, soos hierbo genoem, tussen Maart en Junie 2011 plaasgevind en deur alle vlakke van kerkvergaderings gegaan het. Hierdie insigte het tot twee veranderings in die Stipulasies gelei, wat van groot belang vir die (anti-)emporiese mag van die Moderamen was.

Die eerste is die insette tot en die uiteindelijke verandering van Stipulasie 80 van 2003 wat Stipulasie 54.2 van die 2011 Stipulasies tot die Kerkorde van die Noordelike Sinode sou word. Stipulasie 80 omskryf die take van die “Executive Committee of Synod” wat bestaan uit die Moderamen en die Voorsitters van die Bedieninge (“Core and Support Ministries”). Die Moderator is die voorsitter van hierdie Uitvoerende Komitee van die Sinode.

Stipulasie 80 het 'n stormagtige pad in die Noordelike Sinode geloop. Dit is veral die vyfde onderafdeling (Stip 80.5) wat vir die storm verantwoordelik was, aangesien dit groot mag aan die Uitvoerende Komitee, wat deur die Moderamen gelei word, in geskille gee. Dit lees: “The Executive is the first body of dealing with matters regarding church discipline or disputes which should come before the Regional Synod ...” Die mag van die

Uitvoerende Komitee om in dispute te oordeel word voorts in die Stipulasie ietwat aan bande gelê deur 'n byvoeging dat alle besluite van dié Komitee deur die Sinodale Kommissie goedgekeur of verwerp moet word. Desnieteenstaande was daar sedert die Streeksinode van 1999 groot teenstand teen hierdie Stipulasie en die emporiese mag wat dit by implikasie aan die Moderamen gee. Op die Streeksinode van 2003 is Stipulasie heeltemal geskrap. Op die volgende Streeksinode in 2006 is 'n voorstel gemaak om Stipulasie te herstel, en by die Streeksinode van 2010 is Stipulasie 80 herstel. Gedurende die amendasie-proses van 2011 is hierdie Stipulasie egter slegs *gedeeltelik* (as Stipulasie 54.2) heropgeneem, en dan wel sonder die vyfde afdeling wat die Uitvoerende Komitee eerste toegang tot 'n dispuut gee. Die SMJM (“Regskommissie”) se aanbeveling was dat hierdie vyfde afdeling geskrap word, en dis so deur die Sinodale Kommissie aanvaar. Daarmee is die emporiese mag van die Uitvoerende Komitee/Moderamen in die inmenging van geskille van hierdie liggaam weggeneem. Die Uitvoerende Komitee se enigste taak is nou (Stipulasie 54.2) om die werk van die verskillende permanente bedieninge te integreer.

En tog, na vele diskussies en dooie punte is Stipulasie 115 (2003) as Stipulasie 87 (2011) behou, wat aan die Moderamen die reg gee om, wanneer 'n appèl aan die Scriba van die Streeksinode gerig word, die saak te “hanter”: “When an appeal is lodged with the Scribe of the Regional Synod, the Moderamen of the Regional Synod shall convene a meeting to deal with the matter as soon as possible.” Die besluite van die Moderamen bly van krag tot met die volgende sitting van die Sinodale Kommissie. Van die SMJM (“Regskommissie”) tot by die Sinodale Kommissie was daar teenstand teen die emporium wat hier aan die Moderamen toegeken word, en die enigste rede waarom dit uiteindelik staande gebly het, is omdat dit die laaste Stipulasie in die Kerkorde van die Noordelike Sinode is, en tyd en krag ontbreek het om dit te verander.

In dit alles is daar 'n duidelike magspel tussen die Moderamen en die Sinodale Kommissie wat duidelik te sien is in die Sinodale Kommissie se teenstand teen die idee dat die Moderamen beheer oor hulle kan uitoefen. 'n Mens sou wel uiteindelik kon vra of dit oor kerkregtelike beginsels gegaan het, of oor die stryd tussen persoonlikhede. Hier kyk ons daarna bloot as 'n anti-emporiese beweging teen die emporium van die Moderamen.

'n Tweede anti-emporiese tendens het duidelik geword in die proses van die amendasie van die Stipulasies van die Noordelike Sinode (2011). Die SMJM (“Regskommissie”) het reeds in April 2011 by sy werkswinkel aanbeveel dat 'n Stipulasie – eie aan die Noordelike Sinode – ingevoeg moet word om, naas 'n kerkregtelike proses, ook vir 'n mediasie-proses in die hantering van geskille moontlik te maak. Dié proses sal in die hande van die Moderamen wees, hoewel nie as 'n emporium nie maar as 'n pastorale handeling. Die betrokke Stipulasie (50.2.2.8.2, wat nie in die Stipulasies van

die Algemene Sinode voorkom nie) lees soos volg: “The Moderamen mediates in cases of dispute to seek reconciliation in a pastoral way, thereby preventing long drawn-out cases. Parties to a conflict will be encouraged to submit to a mediation process rather than the church’s legal process.” Hoe moeilik dit vir gemeentes en ringe is om in geskille mediasie as ‘n alternatief op die regsproses te aanvaar, sal duidelik word uit die gevalle-studies wat hierna volg.

Wanneer hierdie geskiedenis en die kerkregtelike teks wat dit ten gevolg gehad het, vanuit ‘n bewussyn van emporium gelees word, kom dit aan die een kant aan die lig dat daar op alle vlakke van kerkregering gewaak word teen die gebruik van die kerkorde en sy stipulasies as emporium, en veral teen die moontlikheid dat die Moderamen homself daaraan sal vergryp. Aan die ander kant, egter, toon die kerkvergaderings ‘n onvermoë om mediasie as ‘n alternatief op die emporiese gebruik van die kerkorde en sy stipulasies te aanvaar. Daarvoor word die volgende gevalle ter illustrasie aangebied.

Gevalle-studies

Die volgende is vyf gevalle-studies wat “hipoteties” aangebied word in soverre die name van betrokkenes verswyg word, na geen notules verwys word nie, en kernaspekte verander is om identifikasie te verminder.

- Geval 1: Die Ring skors ‘n lid van die Moderamen

Lede van ‘n gemeente-wyk kry rusie met die dominee oor geld wat hy van die kerkraad eis vir dienste wat hy voorheen as tentmaker gelewer het voordat hy die voltydse predikant geword het. Die wykslede beweer dat die dominee vervolgens sy invloed gebruik het om hulle verteenwoordiging op die kerkraad te ontsê. Die wykslede rig ‘n skriftelike beswaar aan die Ring, maar die Ringskommissie onderdruk die beswaar ter wille van die dominee en sy posisie op die Ring. ‘n Ander dominee van die Ring, wat ‘n lid van die Moderamen is, bring hierdie onderdrukking van ‘n beswaar onder die aandag van die Moderamen wat, in terme van ‘n aanvegbare interpretasie van Stipulasie 50.2.2.8.1 (“The Moderamen acts on behalf of the church by negotiating with a Presbytery which is neglecting its supervision over a congregation ...”) die Ringskommissie tot verantwoording roep. Die Ring maak vervolgens die band tussen die rapporterende dominee en sy gemeente los. Die dominee appelleer na die Sinodale Kommissie wat sy status herstel. Die geskil tussen die wyk, die kerkraad, die dominee en die Ring duur voort, en die Streeksinode gee aan die SMJM (“Regskommissie”) as ‘n kommissie van die Moderamen opdrag om met ‘n mediasie-proses te begin om die partye te versoen. Na ‘n uitgebreide mediasie-proses verbind die kerkraad en sy dominee, die Ringskommissie en die gemeentes van die Ring hulle tot on-

voorwaardelike versoening. Die wykslede weier egter om hulle daarby aan te sluit, en eis 'n uitspraak van 'n "meerdere vergadering" dat die dominee skuldig is en dat die kerkraad, wat sonder hulle verkies is, ontbind word. Die mediasie het derhalwe nie geslaag nie. Die wykslede bring vervolgens 'n beswaar in teen die mediasie-proses. Aangesien dit 'n nuwe beswaar is, moet hulle kerkregtelik die beswaar aan die Ring rig maar hulle erken nie die geldigheid van die verkiesing van die Ringskommissie nie. Die beswaar word derhalwe aan die Scriba van die Streeksinode gerig, en land, in terme van Stipulasie 87.2 weer op die tafel van die Moderamen (Stip 87.2: "When an appeal is lodged with the Scribe of the Regional Synod, the Moderamen of the Regional Synod shall convene a meeting to deal with the matter as soon as possible.")

Hierdie geval dui op die verwagting van gemeentelede dat die "meerdere vergaderings" empories sal optree, uitsprake sal lewer in terme van reg en verkeerd, en die "verkeerdes" sal afdank en die "regverdiges" sal herstel. Die geval problematiseer oor die rol van die Moderamen in die hantering van geskille wanneer sy eie lede betrokke is, asook die effektiwiteit van 'n mediasie-proses binne die siening van die kerkorde as emporium.

- Geval 2: Die Moderamen gryp in waar die Ring faal

'n Kerkraad begin om van die kerkgeboue aan buite-partye uit te huur. Daar kan nie verantwoording vir al die geld wat inkom gegee word nie, en die "kontrak" tussen die kerkraad en die huurders bevoordeel spesifieke persone op die kerkraad. Die dominee het 'n beroerte gehad en kan nie die situasie hanteer nie, en ook nie meer die werk in die gemeente doen nie. Hy kan nie bekostig om af te tree nie, en sy familie wat baie invloedryk in die gemeente is, hou hom in stand. Die gemeente, en die kerkraad, is in twee verdeel. Wanneer die konsolent die saak kom aanhoor op uitnodiging van die kerkraad, is daar nie 'n quorum van die kerkraad teenwoordig nie. Die Ring strek oor 'n wye gebied en geld is nie beskikbaar vir reistoelaes vir hulle om gereed te vergader nie. Gemeentelede nader gevolglik die Moderamen om in te gryp, druk op die dominee te plaas om vroeg af te tree, en om die geldsake van die gemeente op te ruim. Die groot afstande wat afgelê moet word, maak die Moderamen se mediasie moeilik en oneffektief. Die gemeente gaan agteruit en is op die rand van 'n ineenstorting.

Hierdie geval dui op die probleem wat ontstaan wanneer die Ringe in 'n kerk nie sterk is en goed fungeer nie. Dit dui ook, ironies genoeg, daarop dat wanneer "meerdere" kerkvergaderings nie empories fungeer en besluite afgedwing kan word nie, sake op gemeentevlak uitmekaar kan val.

- Geval 3: Gemeentelede vra die Moderamen om in te gryp

‘n Groot gemeentewyk bring ‘n beswaar in voor die Ring teen die kerkraadsverkieping wat hulle as onwettig beskou. Die Ring het pas sy jaarlikse sitting gehad, en die beswaar word eers ‘n jaar later aangehoor – en deur die Ring verwerp. Die wyk appelleer teen die uitspraak na die Sinodale Kommissie wat nie in die betrokke jaar sit nie omdat daar ‘n Algemene Sinodesitting is. Die saak sloer derhalwe so lank dat dit tyd word vir ‘n nuwe kerkraadsverkieping. Wykslede versoek derhalwe die Moderamen skriftelik om in te meng, terwyl ander uit frustrasie die kerk verlaat om by ander denominasies aan te sluit.

Hierdie geval dui op die stadige werking van die kerkregtelike proses en die uitkoms wat die Moderamen in hierdie verband sou kon bied, al sou hierdie werkswyse onder verdenking van emporium staan.

- Geval 4: Die ouderlinge aanvaar nie die Moderamen se mediasie nie

‘n Groep ouderlinge teken by die Ring beswaar aan teen die dominee wat deur die Ring vrygespreek word. Die groep appelleer na die Sinodale Kommissie en die Moderamen begin met ‘n proses van mediasie. Die groep ouderlinge aanvaar nie die mediasie-proses nie en dring aan op ‘n uitspraak vir of teen hulle beswaar in terme van die Stipulasies tot die Kerkorde.

Die emporium wat deur gemeentelede aan die Kerkorde gegee word, word in hierdie geval duidelik.

- Geval 5: Suksesvolle mediasie

Die kerkraad kla hulle dominee by die Ring aan omdat hy op 67 nog weier om af te tree. Volgens Stipulasie 26.1.2 van die Noordelike Sinode, wat ook ‘n Stipulasie van die Algemene Sinode is, moet ‘n dominee op 65 aftree. Die dominee kan egter bewys dat die gemeente hom ‘n geweldige som geld skuld vir reiskostes wat hy sal verloor as hy demissie ontvang. Die gemeente het egter nie hierdie geld om vir die dominee te gee nie. Die Moderamen gaan in ‘n mediasie-proses in met die kerkraad en die dominee. Dis nie ‘n proses sonder pyn nie, maar ‘n ooreenkoms word tussen hulle bereik – en die dominee tree waardig af.

‘n Lees van hierdie gevalle vanuit ‘n bewussyn van emporium toon aan dat anti-emporium nie noodwendig ‘n maklike en vanselfsprekende alternatief daarstel nie. Om die Moderamen daarvan te weerhou, oftewel daarteen te beskerm om nie vanuit ‘n posisie van emporium aan die oplossing van geskille deel te neem nie, is sowel ‘n denkskuif as praktiese skuiwe vis-a-vis die Kerkorde nodig. ‘n Kultuur van mediasie moet in die gemeentes gekweek word as ‘n werkbare alternatief op regsprosesse. Dit sou ook behels dat

ouderlinge opgelei word om 'n etos te skep en uit te dra waarbinne die Kerkorde op 'n wyse en lewengewende manier gebruik sal word. Praktiese maatreëls is ook nodig om Ringe se posisies finansiëel en institusioneel te versterk.

Met hierdie laaste punt is ons reeds by die volgende afdeling wat na moontlikhede kyk om die gebruik van die Kerkorde as emporium te ondermyn.

Die Kerkorde as anti-emporium

Hoe word geskille in ander kerke van Nederlandse afkoms hanteer? En gaan dit daar minder of meer aan emporium toe as wat pas ten opsigte van die Noordelike Sinode van die VGKSA geskryf is?

Ter plaatse hanteer die NGK, geskille hoofsaaklik op Ringsvlak soos in Artikel 29 van die Kerkorde (2007) beskryf. Die Reformed Church in America (2003, Part II: The Classis) hanteer geskille op die vlak van die Classis, wat meer as een Ring omvat. Die RCA se *Book of Church Order* beskryf die Classis se regsfunksie onder ander soos volg: "The classis is an assembly and judicatory ... The classis shall form, dissolve, and disband churches. The classis shall examine students of theology for licensure. Ministers are under the care of the classis and are subject to its government and discipline." Dit plaas die funksie van die oplos van geskille onteenseglik op die skouers van die Classis, met die Streeksinode as "the final court of appeal".

Die *Kerkorde en ordinanties* van die Protestantse Kerk in Nederland (Ordinantie 12, Artikel 1) lees soos volg: "Er zijn evenveel regionale colleges voor de behandeling van bezwaren en geschillen als er algemene classicale vergaderingen zijn." Die "regionale college", dan behandel besware en geskille op die vlak van die Classis, wat die emporium van 'n Ring self afskaal om sake waarby sy lede betrokke is, aan te hoor soos wat in die VGKSA kan gebeur. Verder word die "regspiegeling" in die PKN ondersteun deur die "Programma Institutionele Ondersteuning" wat uit die kerkkantoor deur 'n kerklike ampsdraer, tans Ds Lieuwe Giethoorn, bestuur word. Hierdie program bied kerkjuridiese ondersteuning aan alle vlakke van kerkvergaderings, gemeentes, classes, colleges en moderamen (sien Giethoorn 2011). Indien daar so 'n ondersteuningstelsel in die VGKSA bestaan het, sou dit die emporiese las van die Ring (en uiteindelik van die Moderamen) verminder het in die gee van uitsprake in geskille. Voorts het die PKN 'n sisteem van "visitatoren" wat gemeentes namens die Classis besoek om hulle te ondersteun in kerkregering en vroegtydig probleme wat tot geskille kan aanleiding gee, te identifiseer. Die VGKSA kan so 'n sisteem nie bekostig nie, maar institusioneel sou 'n sisteem van ondersteuning en visitasie baie van die ge-

skille tussen gemeentede, kerkrade, dominees en Ringe kon aanspreek en relatief vinnig hanteer – op ‘n nie-emporiese wyse.

Uit bostaande is twee dinge duidelik. ‘n Lees van die kerkregtelike prosesse en hulle neerslag in werklike gevalle in die VGKSA (Noordelike Sinode) het die Kerkorde as emporium uitgewys en bevestig – nie net omdat die Kerkorde hom daartoe leen nie, maar ook omdat dit van hom verwag word om hom so te gedra. Tweedens het dit geblyk dat die VGKSA nie oor die geld en strukture beskik om kerkregtelike ondersteuning en kerklike visitasies aan gemeentes, kerkrade en Ringe te voorsien om die emporium van die Kerkorde te versag en toeganklik vir almal te maak nie.

Hier kan ons slegs die eerste probleem aanspreek, en finaal die vraag vra na die inhoud van ‘n etos waarop die Kerkorde hom kan baseer om van sy emporiese bekleding ontslae te raak. Vir die waardes van so ‘n etos wend ons ons nou na die Belydenis van Belhar as ‘n belangrike grondslag vir geloof en praktyk in die VGKSA.

Verskeie skrywers het al gewys op die verband wat in die VGKSA tussen die Belydenis van Belhar en sy Kerkorde bestaan (Smit 2006; Van Rooi 2007). Van Rooi (2007:799) beredeneer histories dat daar ‘n oorsaaklike verband tussen Belhar en die VGKSA se nuwe kerkorde bestaan.

Die Belydenis van Belhar bely inderdaad ‘n hele reeks waardes wat oor die tyd, en veral gedurende apartheid, in die kerk verlore geraak het. Hierdie waardes ondermyn nie net ‘n emporiese staatsbestel (soos wat daar tydens apartheid was nie), maar ook ‘n emporium binne die kerk wat gelowiges apart, onmagtig en met ongelyke toegang tot regverdigheid laat. ‘n Lees van die Belydenis van Belhar vanuit die bewussyn dat dit emporiese kerkwees wil ondermyn, bring veral drie waardes aan die lig wat deur Belhar onderskryf word en wat help in die soektog na ‘n anti-emporiese toepassing van die Kerkorde. Hierdie waardes is koinonia, geregtigheid en agentskap.

Koinonia is kernmatig aan Belhar en word veral in die tweede artikel daarvan gestalte gegee. Koinonia is die gemeenskap waarin gelowiges hulle self saambind om “saam te wees” tot die welsyn van die kerk op aarde, ‘n saamwees wat selfs die grense van ‘n spesifieke kerk oorskrei. Dit is ‘n saamwees wat selfs die grense van kerkwees oorsteek en uitreik na die breë gemeenskap om globaal in die wêreld ‘n gesonde teenwoordigheid te vergestalt. Vir ‘n anti-emporiese etos vis-a-vis die Kerkorde beteken dit ‘n bewussyn van saamwees op voetsoolvlak wat die emporia van individue sal oorskrei.

Geregtigheid wat tot vrede lei nadat die verontregtes deel gekry het aan gelyke menswaardigheid word veral in die vierde artikel van Belhar benadruk. ‘n Anti-emporiese etos wat die Kerkorde behoort te onderlê, gaan nie kompromieë aan oor regverdigheid en gelykheid nie, maar onderhandel werkbaarhede tussen absolute posisies van reg en verkeerd.

Agentskap word duidelik in Belhar beklemtoon. Min studies beklemtoon die werkwoorde in die Belydenis van Belhar, maar vanaf die tweede

artikel word gelowiges deur die aaneenryging van werkwoorde soos “bestry”, “volg”, “saambid”, “vertrous”, en “verantwoordelikheid neem” aangemoedig tot agentskap (*agency*). Vir ‘n anti-emporiese toepassing van die Kerkorde sou dit beteken dat die belangrikste vraag in geskille nie is wie reg en wie verkeerd is nie, maar hoever alle partye gegaan het om homself met die ander te versoen.

En dit sou van koinonia, geregtigheid en agentskap die boustene van ‘n etos maak wat sou lei tot ‘n wyse, lewegewende en anti-emporiese toepassing van die Kerkorde.

Afsluiting

Die Stipulasies tot die Kerkorde (Noordelike Sinode 2011) laat die Moderamen toe om in ‘n beperkte mate in geskille in te gryp, en ook om mediasie te doen as ‘n alternatief op kerkregtelike prosesse. Wanneer hierdie ingryping op emporiese wyse gedoen word, lei dit tot groter skeuring in die kerk. Wanneer dit egter nie gedoen word nie, bly geskille onopgelos en vergroot onmin. Hierdie artikel stel ‘n nie-emporiese toepassing van die Kerkorde voor wat op die spesifieke beginsels van die Belydenis van Belhar gebaseer is, naamlik koinonia, geregtigheid, en agentskap. Dit beteken dat die toepassing van die Kerkorde nie sal uitgaan van ‘n eenvormigheid in terme van harde beginsels van wat “reg” en “verkeerd” is nie, maar van die agentskap van die betrokkenes om versoening te bewerkstellig met inagneming van waardes soos gelykheid en geregtigheid. Die bevindinge van hierdie artikel is gebaseer op ‘n lees van die geskiedenis van die totstandkoming van die Stipulasies tot die Kerkorde (Noordelike Sinode 2011), die inhoud van hierdie Stipulasies wat op die funksies en magte van die Moderamen betrekking het, en die formulerings van die Belydenis van Belhar vanuit ‘n bewussyn dat emporium maklik en kragdadig die denke en praktyke van die kerk kan oorneem en kolonialiseer, dat dit wel dikwels in die verlede gebeur het, en dat anti-kolonialistiese, anti-emporiese en lewegewende alternatiewe bewustelik op die tafel geplaas moet word – ook en veral wat die Kerkorde en sy toepassing betref.

Bronne geraadleeg

- Brueggemann, Walter 2009. Reviews. *Christian Century*, December 15, 48-50.
- Crossan, John Dominic 2007. *God and empire: Jesus against Rome, then and now*. New York: HarperOne.

- Giethoorn, L 2011. *Programma Institutionele Ondersteuning*. Powerpoint-presentasie gelewer by die Sinodesitting van die PKN op 10 November 2011.
- Horsley, Richard A 2008. *In the shadow of empire: reclaiming the Bible as a history of faithful resistance*. Louisville: Westminster John Knox.
- Koffeman, Leo 2009. *Het goed recht van de kerk: een theologische inleiding op het kerkrecht*. Kampen: Kok.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) 2007. *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met reglemente, kerkordelike riglyne en funksionele besluite*. Kaapstad: Algemene Taakspan Regte van die Algemene Sinode.
- Northern Synod, Uniting Reformed Church of Southern Africa 2011. *Church Order and Supplementary Stipulations for 2011*. Mamelodi: Dienssentrum.
- Protestantse Kerk in Nederland (PKN) 2004. *Kerkorde en Ordinanties*. Geen uitgewer aangegee.
- Rieger, Joerg 2007. *Christ and empire: from Paul to postcolonial times*. Minneapolis: Fortress.
- Schüssler Fiorenza, Elizabeth 2007. *The power of the Word: Scripture and the rhetoric of empire*. Minneapolis: Fortress.
- Smit, DJ 2006. Barmen and Belhar in conversation – a South Africa perspective. *NGTT* 47.1/2, pp 291-301.
- The Reformed Church in America (RCA) 2003. *The Book of Church Order*. New York, 475 Riverside Drive.
- Van Rooi, LB 2007. Bevry om te bely en te beliggaam: 'n ekklesiologiese besinning oor die kerkorde van die VGKSA. *NGTT* 48(3/4), 799-810.
- Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 2012. *Kerkorde van die Algemene Sinode*. Kaapstad: Kerkkantoor.

